UITVOERENDE OPSOMMING

Die **"**National Environmental Management: Waste Act 59 of 2008", soos gewysig (NEM:WA) vereis dat provinsiale regerings en munisipaliteite Geïntegreerde Afvalbestuursplanne (GABP's) ontwikkel om behoorlike afvalbestuursbeplanning te verseker. Die 3de generasie Wes-Kaapse GABP vir 2022-2027 (WK GABP) het ten doel om strategiese rigting te gee vir afvalbestuur in die provinsie oor die kort, medium en lang termyn.

Die spesifieke doelwitte van die GABP is:

- om 'n ontleding te verskaf van die status van implementering van die 2de generasie GABP 2017- 2022;
- om 'n oorsig te gee van die provinsiale prestasies met betrekking tot afvalbestuur;
- om 'n oorsig te gee van die geïdentifiseerde afvalbestuursgapings en -behoeftes in die provinsie;
- om 'n stel doelwitte, doele, aktiwiteite en teikens te ontwikkel wat reageer op die geïdentifiseerde gapings en behoeftes; en
- om kennis te neem van aspekte wat verband hou met geslagsgelykheid, menseregte, sosio-ekonomiese ontwikkeling, volhoubaarheid van afvaldienste en omgewingsimpakte wanneer doelwitte, doele, aktiwiteite en teikens ontwikkel word.

Die WK GABP strook met die globale Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte, en verskeie sleutelbeleide op nasionale en provinsiale vlak asook met die Nasionale Afvalbestuurstrategie, 2020, wat die afvalbestuurhiërargie en 'n verskuiwing na 'n sirkulêre ekonomie bevorder. Die WK GABP beklemtoon afvalbestuurskakels en dwarsliggende kwessies soos klimaatsverandering, volhoubare verbruik en produksie, werkskepping, armoedevermindering en gesondheids- en omgewingsimpakte. 'n Afsonderlike geslagsgapinganalise van die WK GABP is onderneem, wat daarop gemik is om te verseker dat beplande afvalbestuuraktiwiteite reageer op geslags- en menseregtekwessies.

Om 'n begrip van die oorsig van die afvalbestuur in die provinsie te verkry, is 'n situasie-analise onderneem wat die demografiese, ekonomiese en afvalbestuursaspekte ingesluit het.

- **Sosio-ekonomiese profiel**
  Die Wes-Kaap is verantwoordelik vir 12% (49% mans en 51% vroue) van die totale geskatte 59,62 miljoen bevolking van Suid-Afrika (StatsSA, 2020). Die provinsie het 'n groter persentasie bejaardes (6,8%) in vergelyking met die nasionale gemiddelde (6,1%), maar het 'n kleiner persentasie kinders (24,4% provinsiaal vergelyke met 29,6% nasionaal) (Provinsiale Tesourie, 2020). Die grootste deel (65,7%) van die provinsie se bevolking woon in die Stad Kaapstad (Provinsiale Tesourie, 2020). Dit kom neer op 'n groter aanvraag na dienste, insluitend vullisverwydering. Gedurende die eerste kwartaal van 2020 het die Wes-Kaap 'n eng werkloosheidskoers van 20,9% en 'n uitgebreide werkloosheidskoers van 24,8% gehad (Provinsiale Tesourie, 2020). Huishoudelike inkomste het tussen 2015 en 2019 gemiddeld met 0,25% gedaal met 'n gemiddelde jaarlikse huishoudelike inkomstegroei van 1,4% wat tot 1% vertraag het (Provinsiale Tesourie, 2020).

- **Diensvlakke**
  Tydens 2019 het 99,1 % van huishoudings toegang tot aangelegde water gehad, 93,1 % van huishoudings het toegang tot elektrisiteit gehad, en 91,2 % het toegang tot sanitasie gehad (Provinsiale Tesourie, 2020). Die mees onlangse afvalbestuurdiensvlakke dui daarop dat 96,9% van huishoudings toegang het tot vullisverwyderingsdienste.

- **Wes-Kaapse ekonomie**
  Die Wes-Kaapse ekonomie het voortgesette groei oor die afgelope dekade geniet, maar die gemiddelde groeikoers het sedert 2011 geleidelik vertraag tot 'n gemiddelde jaarlikse groei van 1,9% tussen 2010 en 2019. As gevolg van die Covid-19-pandemie en gepaardgaande inperkings gedurende 2020, het die Wes-Kaapse ekonomie saam met die res van Suid-Afrika gely. Die toerisme- en gasvryheidsektore het aansienlike verliese gely, terwyl landbou die enigste sektor was wat positief by gedra het tot groei in BBP (Provinsiale Tesourie, 2020).

- **Oorsig van afvalbestuur**
  In die Wes-Kaap word daar van munisipaliteite en nywerhede verwag om data oor afvalverwydering en afvalherleiding op 'n maandelikse basis op die provinsiale Geïntegreerde Besoedeling- en Afvalinligtingstelsel (GBAIS) "IPWIS" aan te meld. Die data word dan na die nasionale Suid-Afrikaanse Afvalinligtingstelsel (SAAIS) "SAWIS" opgelaai. Daar is egter geregistreerde private en munisipale fasiliteite wat nie konsekwent op die GBAIS("IPWIS") rapporteer nie.

  Volgens GBAIS ("IPWIS") word die meeste van die afval wat in die provinsie gegenereer word, weggedoen, dit wil sê tussen 72% en 78% van afval is per jaar weggedoen gedurende 2018-2021 en 28% en 22% van afval is herlei. 'n Groot gedeelte van tuinafval en konstruksie- en slopingsafval wat opgeneem word by afvalverwyderingsfasiliteite (AVF'e), word herlei, maar slegs 'n klein persentasie munisipale afval wat in AVF'e ingaan, word herlei. Munisipaliteite het verskeie afvalminimaliserings inisiatiewe onderneem om herleiding te ondersteun. Dit sluit in skeiding-by-bron-inisiatiewe bv. verdeelsakstelsels, die vestiging van materiaalherwinningsfasiliteite (MHF'e) asook ondersteunende ruilwinkels en terugkoopsentrums. Die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (hierna na verwys as die "Departement") het ook verskeie afvalminimaliserings inisiatiewe onderneem wat spesifiek daarop gemik is om opleiding in afvalminimalisering aan 'n wye reeks belanghebbendes te verskaf, insluitend munisipale amptenare en afvalverwyderingspersoneel, Werkers van die Uitgebreide Openbare Werke-program, private herwinners en die jeug wat in afvalbestuur werk. In onlangse jare het die Departement gefokus op inisiatiewe vir die herleiding van organiese afval om munisipaliteite te help om die provinsiale teikens vir die afwending van organiese afval van 50% teen 2022 en 100% herleiding teen 2027 te bereik. Ander sleuteltipes afval waarop die Departement die afgelope jare gefokus het sluit huishoudelike gevaarlike afval, bou- en slopingsafval, elektroniese afval en rioolslyk in.

  Een van die belangrikste dryfvere om weg te beweeg van afvalverwydering is die beperkte beskikbaarheid van stortingsterrein-lugruim in munisipaliteite. Aangesien baie van die bestaande WDF's binne die nabye toekoms uit lugruim gaan opraak, sal

munisipaliteite hoër ontwikkelings- en bedryfskostes moet dra om die beskikbare lugruim te vergroot. Sommige munisipaliteite sukkel tans om te verseker dat bestaande AVF`e aan hul Afvalbestuurslisensie-voorwaardes voldoen, wat kan lei tot omgewings- en gesondheidsimpakte. Ander sleutelnakomingskwessies wat 'n uitdaging in die provinsie bly, is wydverspreide onwettige storting en rommelstrooiing. Verskeie maatreëls is deur munisipaliteite ingestel om hierdie kwessie aan te pak. Gedurende 2021/22 het die Departement 'n Strategie ontwikkel om Onwettige Storting in die Wes-Kaap Provinsie te verminder, wat oor die volgende paar jaar geïmplementeer sal word.

Die "NEM:WA" vereis die aanwysing, skriftelik, van provinsiale en munisipale afvalbestuursbeamptes (ABB's) om afvalbestuursake te koördineer. Om die bestuur van afvalbestuur in die provinsie te verbeter, behou die Departement gereelde kontak met Avalbestuursbeamptes (ABB`s) deur die daarstelling van 'n Provinsiale ABB Forum waar terugvoer gegee word oor die kwessies wat voortspruit uit die verskillende Distrik ABB's se Forums. Tans het 26 van die 30 munisipaliteite ABB's aangewys. Die provinsiale ABB is Mnr Saliem Haider.

Wat afvalbestuursbeplanning betref, het ongeveer die helfte van munisipaliteite in die provinsie GABP`e. Munisipaliteite in die Sentraal-Karoo-distrik word bygestaan met befondsing om hul GABP`e te ontwikkel deur die nasionale Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing. Uitdagings sluit in dat sommige munisipaliteite verouderde GABP`e het, wat hersien moet word om te verseker dat dit steeds relevant is. Verdere uitdagings is dat integrasie tussen 'n GABP en die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan verbeter moet word en dat daar verbeterde monitering en verslagdoening gebeur om te verseker dat beplande aktiwiteite geïmplementeer word.

'n Gaping- en behoefte-analise is onderneem wat die afvalbestuursuitdagings in die provinsie geïdentifiseer het.

Gaping en behoefte-analise

'n Gaping- en behoefte-analise het gapings in afvalbestuur en behoeftes in die provinsie geïdentifiseer wat aangespreek moet word om die verlangde eindtoestand vir afvalbestuur te bereik. Die identifisering van afvalbestuursgapings was uit die volgende bronne:

- 'n Ontleding van die omvang van implementering van die WK GABP 2017-2022;
- situasie-analise;
- geslagsgaping-analise; en
- konsultasie en skakeling met interne en eksterne belanghebbendes.

Prioriteitsbehoeftes is geformuleer op grond van die leemtes wat geïdentifiseer is en word hieronder aangedui:

- Akkurate en konsekwente (betroubare) afvaldata vanaf industrie en munisipaliteite.
- Geteikende afvalopvoeding en -bewusmakingsprogramme, wat verskeie rolspelers insluit.
- Verbeterde toegang tot vullisverwyderingsdienste, spesifiek in onderbediende gebiede.

- Verbeterde bevordering van voorkoming, vermindering, hergebruik en herwinning van afval om 'n sirkulêre ekonomie te ondersteun.
- Geïntegreerde afvalbestuurinfrastruktuur vir herwinning, behandeling en wegdoening en 'n toename in nakoming van afvalbestuurswetgewing.
- Versterkte bestuur en vennootskappe en versekering van volhoubare finansiële bestuur.
- Reageer op die behoeftes van vroue en ander kwesbare groepe.

Die bovermelde behoeftes het die ontwikkeling van strategiese doelwitte en doele ingelig.

Strategiese doelwitte en doele

Vier strategiese doelwitte is geïdentifiseer en belyn met die Nasionale Afalbestuurs Strategie (NABS), 2020. Elke doelwit het doele wat sal help om die doelwit te bereik. Die strategiese doelwitte en doele word hieronder aangedui:

- *Doelwit 1: Versterkte opvoeding, kapasiteit, bewustheid en voorspraak vir Geïntegreerde Afvalbestuur*

  - Doel 1: Fasiliteer bedryfsverantwoordelikheid in geïntegreerde afvalbestuur;
  - Doel 2: Skep bewustheid en opvoeding van geïntegreerde afvalbestuur; en
  - Doel 3: Bou en versterk geïntegreerde afvalbestuurskapasiteit.

Verwagte uitkoms: Verbeterde afvalbestuur en die voorkoming van besoedeling, rommel en onwettige storting.

- *Doelwit 2: Verbeterde geïntegreerde afvalbestuursbeplanning en implementering vir doeltreffende afvaldienste, -tegnologieë en -infrastruktuur*

  - Doel 1: Fasiliteer munisipale geïntegreerde afvalbestuurbeplanning;
  - Doel 2: Bevorder bedryfsafvalbestuurbeplanning en die sirkulêre ekonomie;
  - Doel 3: Bevorder die vestiging van geïntegreerde afvalbestuursinfrastruktuur
  - en dienste; en
  - Doel 4: Verseker effektiewe en doeltreffende afvalinligting.

Verwagte uitkoms: Alle burgers van die Wes-Kaap woon in skoon gemeenskappe en het toegang tot goeie bestuurde en finansieel volhoubare afvaldienste.

- *Doelwit 3: Effektiewe en doeltreffende benutting van hulpbronne*.

  - Doel 1: Minimaliseer die verbruik van natuurlike hulpbronne en bevorder die sirkulêre ekonomie;
  - Doel 2: Stimuleer werkskepping binne die afvalekonomie; en
  - Doel 3: Verhoog afvalherleiding deur hergebruik, herwinning en herstel.

Verwagte uitkoms: Die vermindering van afval na stortingsterrein deur verhoogde hergebruik, herwinning herstel, opknapping en alternatiewe afvalbehandeling.

- *Doelwit 4: Verbeterde voldoening aan die omgewingsregulerende raamwerk*

    - Doel 1: Versterk nakomingsmonitering en afdwinging;
    - Doel 2: Fasiliteer die rehabilitasie van afvalbestuurfasiliteite

Verwagte uitkoms: Skep 'n kultuur van nakoming wat onderskryf is deur geen verdraagsaamheid teenoor besoedeling, rommelstrooiing en onwettige storting.

Aksies vir implementering is geïdentifiseer om die strategiese doelwitte en doele te ondersteun en in 'n implementeringsplan ingesluit. Tydraamwerke, verantwoordelikheid en uitset-aanwysers vir elke aktiwiteit is by die implementeringsplan ingesluit. Aktiwiteite sal gemonitor word om implementering te verseker.

Monitering, Hersiening en Rapportering

Monitering van die implementering van die WK GABP moet onderneem word aangesien dit 'n noodsaaklike deel uitmaak van die beplanningsproses. Die implementeringsplan sluit uitsetaanwysers in, wat gebruik sal word om te help met monitering. Jaarlikse prestasieverslae sal gebruik word om vordering te monitor en om te verseker dat aksies geïmplementeer word.